**Saam boer ons vooruit**
**Together cultivating success**
www.laeveld.co.za

# Steyn van Aardt

## Area: Pietersburg

**T: 072 198 1795 / E: steyn@laeveld.co.za**

**Gewasse:** Groentegewasse, vrugte en grane
**Aanbieding:** Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Steyn van Aardt is gebore en het groot geword op sy ouers se plaas in die Wes-Transvaal. Dit is op dié einste plaas waar hy ook sy eerste blootstelling aan verskeie boerderypraktyke soos veeboerdery en graanproduksie ontvang het. Vir Steyn was dit 'n groot voorreg om reeds van kleintyd af saam met sy pa te kon boer en so ervaring op te doen veral met droëland gewasse soos sonneblom, mielies en boontjies. Sy ouers het hom goeie beginsels, norme en waardes geleer.

Steyn het gematrikuleer aan die Hoërskool Lichtenburg waar hy deel was van die koshuisgemeenskap en graag deelgeneem het aan verskeie sportsoorte soos rugby en avontuurwedrenne. Hy het sy B.Sc.-graad, met mikrobiologie en plant- en dierkunde as hoofvakke, aan die Noordwes-Universiteit Potchefstroom-kampus in 2014 voltooi. Met sy nuutgevonde kennis in die veld het hy opnuut sy voorliefde vir die natuur gevind en besef dat dit beslis die rigting is waarin hy wil werk.

Steyn het kort nadat hy sy universiteitsloopbaan voltooi het, begin werk as 'n agronoom by Vrystaat Mielies waar hy hoofsaaklik gefokus het op graanproduksie in die Hoëveld. In 2016 is hy deur Agri Technovation aangestel as hortoloog waar hy met 'n wye verskeidenheid boomgewasse, groente en grane gewerk het. Hy het in hierdie tyd gespesialiseer in oes-beskerming en plantvoeding en volgens hom is die kennis en ervaring wat hy opgedoen het van onskatbare waarde.

Na amper 6 jaar by Agri Technovation het hy 'n geleentheid gekry om as areabestuurder vir Limpopo op te tree by Rolfes Agri. Steyn het Rolfes Agri verteenwoordig tot hy besluit het om die groot skuif te maak en by die Laeveld Agrochem-familie aan te sluit as agent in die verre noorde.

In 2018 het Steyn 'n kursus in Nasionale Oesbeskerming by CropLife (AVCASA) voltooi en hy beoog ook om in die toekoms verdere kursusse aan te pak in onder andere plantpatologie en dieregesondheid.

Hy en sy vrou, Esteé, is in 2018 getroud en woon tans in Polokwane. Hulle het twee kinders – 'n seun Theo en 'n dogter Esmé. Sy gesin is vir hom geweldig belangrik en sonder die bystand en ondersteuning van sy vrou sou dit nie vir hom moontlik gewees het om met soveel oorgawe op sy werk te fokus nie. Steyn sit nie stil nie en beoefen graag in sy vrye tyd stokperdjies soos jag, visvang, stap en skubaduik.

**Met die ervaring wat Steyn deur die jare opgedoen het, glo hy dat dit belangrik is om 'n holistiese benadering tot boerdery te volg en nie sommer net die maklikste uitweg te soek nie.**

***"Saam met die groot span kundiges by Laeveld Agrochem, asook ons wye reeks produkte en dienste, wil ek die produsent help om meer volhoubaar te boer en om 'n toekoms vir ons nageslag en die landboubedryf te verseker."***

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.